4 April 2017

Geagte Lid

INLEIDING TOT DIE BESTMED MIV/VIGS-SIEKTEBESTUURSPROGRAM

Bestmed het 'n effektiewe MIV/VIGS Siektebestuursprogram vir lede wat gediagnoseer is met MIV/Vigs. Deur te registreer vir die MIV/VIGS program, kan ons vir u die ondersteuning bied wat u nodig het om 'n gesonde en produktiewe lewe te handhaaf.

Ons het 'n kontrak gesluit met LifeSense bestuurdesorg organisasie, om 'n gekonsolideerde program aan ons lede te bied. LifeSense is verantwoordelik om alle administrasie vir die program te bestuur. 'n Gekwalifiseerde LifeSense gevallebestuurder sal u kontak om die nodige inligting oor die program te verskaf en u te help met enige navrae wat verband hou met die program en/of die MIV/VIGS siekte.

LIFESENSE — KONTAK BESONDERHEDE	
Telefoon nommer	086 050 6080
Fax nommer	086 080 4960
Epos adres	enquiry@lifesense.co.za

Siektesbestuurprogram inligting

- Nadat u op die program geregistreer is, sal u deurlopend gemonitor word om seker te maak u voldoen aan al die program se vereistes.
- U mag slegs gebruik maak van die Aangewese Diensverskaffers (ADV's) wat deur Bestmed goedgekeur is. Dit sluit mediese praktyke, apteek netwerke en hospitale in.
- Gekontrakteerde staatshospitale is Bestmed se eerste keuse vir die dienslewering van gesondheidsorgdienste aan lede wat geregistreer is vir die program. Sodra u vir meer as 3 maande geregistreer is en u voldoen aan die behandelingsvereistes van die program (instandhouding van u medisyne skedule asook gereelde bloedtoetse), kan u gebruik maak van aangewese private hospitale.
- Indien dit sou gebeur dat u onwillekeurig moet gebruik maak van die dienste van 'n nie-ADV hospitaal, sal geen bybetaling van toepassing wees nie. Om duidelikheid te kry oor watter gevalle as willekeurige/vrywillige gebruik van 'n nie-ADV oorweeg sal word, verwys asseblief na Bestmed se reëls op ons webwerf: http://www.bestmed.co.za/content/scheme-rules.
- Indien u vrywillig gebruik maak van 'n nie-ADV hospitaal (dus buite Bestmed se gekontrakteerde netwerk), sal u aanspreeklik wees vir die verskil van enige bedrag wat die gekontrakteerde ADV-tariewe oorskry.

Block A, Glenfield Office Park
361 Oberon Avenue, Faerie Glen
Pretoria, Gauteng, 0081, RSA
PO Box 2297, Arcadia
Pretoria, Gauteng, 0001, RSA

Blok A, Glenfield Kantoorpark
Oberonlaan 361, Faerie Glen
Pretoria, Gauteng, 0081, RSA
Posbus 2297, Arcadia
Pretoria, Gauteng, 0001, RSA

Client service/Kliëntediens 086 000 2378
Fax/Faks +27 (0)12 472 6500
E-mail/E-pos service@bestmed.co.za
www.bestmed.co.za

© Bestmed Medical Scheme 2017
Bestmed is a registered medical scheme (Reg. no. 1252) and an Authorised Financial Services Provider (FSP no. 44058).

BELANGRIKE INLIGTING
Om suksesvolle beheer te neem van MIV/VIGS, is dit nodig om elke 6 maande vir bloedtoetse te gaan. **Maak asseblief seker LifeSense ontvang u bloedtoets uitslae betyds.**
U MIV/VIGS medisyne moet elke 6 maande deur u behandelende geneesheer hersien word. **Indien u sou versuim om u medisyne te laat hersien, kan ontvangs van u maandelikse medisyne vertraag word.**

Die onderstaande tabel dui aan watter bloedtoetse vereis word op spesifieke intervalle van die program.

PATOLOGIE PROTOKOL VIR MIV/VIGS-BESTUUR	
Ses maandelikse bloedtoetse en tariefkodes	**Jaarlikse bloedtoetse en tariefkodes**
MIV kontrolerings toetse: ▪ CD4-telling toets (3816) ▪ Viruslading toets (4429)	Toets baba as moeder MIV-positief is (3974) Tuberkulose toets (3916)
Additionele kontrolerings toetse: ▪ Volbloedtelling(3755) ▪ Nierfunksie (4032; 4151) ▪ Cholesterol (4027) ▪ Glukose toets (4057) ▪ Lewerfunksie (4131; 4130; 3999; 4001; 4134) ▪ Bilirubien (4009; 4010)	
Motivering word vereis vir 'n MIV-weerstand toets. (Genotipe)	

Vir meer inligting oor die voordele wat aan u beskikbaar is op die program, besoek LifeSense se webwerf: **www.lifesensedm.co.za** of kontak LifeSense op **086 050 6080**.

Resepterende apteke vir anti-retrovirale terapie (ART)
Bestmed beskik oor ‘n uitgebreide ADV-apteek netwerk vir die reseptering van ART (Anti-retrovirale terapie) aan Bestmed lede. Lede wat ART benodig kan dit verkry vanaf Medipost Koerierapteke, Dis-Chem Direkte Medisyne (Voorheen Optipharm Koerierapteke) en Kleinhandelapteke, Clicks Koerierapteke en Kleinhandelapteke.

APTEEK KONTAK BESONDERHEDE			
Clicks Direkte Medisyne (Koerierapteek)		**Clicks Kleinhandelapteke**	
Kontak sentrum	086 144 4405	Kontak sentrum	086 073 7328
Fax	086 144 4414	Fax	021 460 6752
Epos	DMHIVQE@dirmed.co.za	Epos	repeat@clicksgroup.co.za
Nood kontaknommer	010 210 3364 or 010 210 3330	Webwerf	https://clicks.co.za/pharmacy ClinicServicesPharmacylocator

© Bestmed Medical Scheme 2017
Bestmed is a registered medical scheme (Reg. no. 1252) and an Authorised Financial Services Provider (FSP no. 44058).

Dis-Chem Direkte Medisyne (voorheen Optipharm Koerierapteek)		**Dis-Chem Kleinhandelapteke**	
Kontak sentrum	011 589 2788	Kontak sentrum	011 589 2604
Fax	086 641 8311	Webwerf	www.dischem.co.za/ storelocator
Epos	bestmed@dischem.co.za	Epos	bestmed@dischem.co.za
Nood kontaknommer	083 564 9978		
Medipost Koerierapteek			
Tel	012 426 4000		
Fax	086 688 9867		
Chroniese medisyne (na-ure)	087 098 0400		
Epos	life@medipost.co.za		

Indien u enige verdere navrae het, skakel gerus ons nasionale inbelsentrum op **086 000 2378** of besoek ons webwerf **www.bestmed.co.za**. Alternatiewelik, kan lede wat buite Suid-Afrika woon, Bestmed kontak deur ‘n epos te stuur aan **service@bestmed.co.za** of inbel op **+27 (0)12 472 6000**.

Vriendelike groete

Bestmed Siekte en Gesondheidsbestuur
mhc@bestmed.co.za

© Bestmed Medical Scheme 2017
Bestmed is a registered medical scheme (Reg. no. 1252) and an Authorised Financial Services Provider (FSP no. 44058).